30 November & 7 Desember 2026

Tygieland-nuus

Webtuiste: www.tygies.co.za

PSALM 37:4 Wees bly in die Here, en Hy sal jou hartsbegeertes aan jou gee.

PROGRAM VIR DIE WEEK	
Maandag – 30 November	• Playball • A+ Students • Young Engineers • Gimnastiek • Netbal Ninjas Akademie • Little Readers • **Skool verdaag 12:00** • **Tygieland-naskoolafsluiting** • Redenaars: Aanlynwerkswinkel (sien bladsy 2)
Dinsdag – 1 Desember	• EQ4KIDS (Emosionele intelligensie) • Tennisafrigting (JL's Tennis Academy) • A+ Students • **Skool verdaag 12:00**
Woensdag – 2 Desember	• **Juf. Carmien verjaar! (Renosterklas)** • Experi Buddies • A+ Students • Netbal Ninjas Akademie • Ballet • Little Readers • **Skool verdaag 12:00**
Donderdag – 3 Desember	• A+ Students • Tennisafrigting (JL's Tennis Academy) • **Skool verdaag 12:00**
Vrydag – 4 Desember	• Pretdag en klaspartytjies (sien bl. 2) • **Vorderingsverslae** word uitgedeel • **Skool verdaag 12:00**
Maandag – 7 Desember	• **Skool verdaag 12:00**
Dinsdag – 8 Desember	• Tennisafrigting (JL's Tennis Academy) • **Skool verdaag 12:00**
Woensdag – 9 Desember	• **Skool verdaag 12:00**
Donderdag – 10 Desember	• Tennisafrigting (JL's Tennis Academy) • **Naskool sluit 14:00** (sien bl. 2) • **Skool sluit**
Sondag – 13 Desember	• **Tannie Prudence verjaar!** (Skapie- en Jakkalsklas assistent)

KURRIKULUM (30 November – 9 Desember)

GRAAD RR

TEMA: Graad RR is pret!
Versie: I am a little reindeer
Liedjie: Al was ek nie daar nie

GRAAD R

TEMA: Kersfees
Versie: Kersfees is hier
Liedjie: Jingle bells

NEEM KENNIS

- Die **akademiese program** asook die **getroue skoolbesoekregister** het vandag gesluit.
- **Pretdag en klaspartytjies: Vrydag, 4 Desember** (sien program onder).
- Die **vorderingsverslae** sal op **Vrydag, 4 Desember** vanaf **12:00** by die voogonderwysers beskikbaar wees.
- Graad RR en R **verdaag tot 9 Desember** om **12:00** (die wagklas is tot 13:00) en die naskool is vanaf 13:00 – 17:30.
- Die **Tygieland-naskool** sluit op **10 Desember** om **14:00** vir die jaar.
- Die **skool en die naskool begin** weer **Woensdag, 13 Januarie 2027**.

PRETDAG 2026

- Tygieland hou saam pretdag en klaspartytjies op **4 Desember**.
- Deelname aan die pretdag beloop **R20** (betaalbaar op die d6 App).
- Betaling moet **voor 2 Desember** gemaak word.
- Elke klasverteenwoordiger sal die nodige reëlings per klas tref vir die klaspartytjies.
- **Program:**
  - 07:20 – 07:45 (voogperiode)
  - 08:00 – 11:00 (pretdag op die A-veld)
  - 11:00 – 11:55 (klaspartytjies in die voogklasse)
  - 12:00 (leerders ontvang vorderingsverslae)

Tygies se WAARHEID IS: Ons gaan hierdie jaar met groot pret afsluit!

SKOOLGELD-BETALINGSWYSE VIR 2027

Neem kennis: Die Skoolgeld-betalingswyse vir 2027 is reeds op 2 November aan die jongste / enigste leerders uitgedeel. Indien u per **debietorder** of **vooruit wil betaal vir die jaar** (en korting ontvang), volg die skakel: Skakel

NASKOOL 2027

LW: Daar moet **jaarliks** ‘n nuwe inskrywingsvorm voltooi word. Die naskool begin 13 Januarie 2027.

Skakel: Inskrywingsvorm 2027 (e-pos voltooide naskoolvorm na skoolgeld@tygies.co.za)

REDENAARS: GRATIS WERKSWINKEL

Moet asb. nie ons **GRATIS REDENAARS** aanlynwerkswinkel op **30 November 2026** om 17:00 - 20:00 misloop nie. **Alle graad R tot 7-ouers** is welkom.

Dit is veral met die oog op ons **graad 1 tot 3-leerders van 2027,** wat ‘n **verpligte beredenerende toespraak** in Februarie in hulle onderskeie klasse moet lewer.

Mnr. Petrus Jacobs, eienaar en direkteur van KANSVATTER**,** bekende spreker en redenaarskenner deel sy kennis en vernuf.

Volg die skakel en word deel van ons Redenaarsgroepie. Die skakel vir die opleiding op 30 November 2026 sal op dieselfde dag op hierdie groep gedeel word. Skakel

REDEVOERING 2027: ATKV-TEMAS

- Graad 1-3 (2-4 minute): Fluister, Skool en Skryf